- die onderrig en leer in 'n klaskamer kan observeer;
- bewyse kan lewer van begeleide lesse wat aangebied is; en
- die administratiewe take in die klaskamer kan observeer en daaroor reflekteer.

Onderwyspraktyk 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- bewys kan lewer van mede-onderrig saam met 'n mentoronderwyser in die Intermediêre Fase en 'n graad 7-klaskamer;
- bewys kan lewer van onafhanklike onderrig binne die Intermediêre Fase en graad 7; en
- bewys kan lewer van die implementering van die inklusiwiteitsbeginsels.

Onderwyspraktyk 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- lesse onafhanklik kan beplan en aanbied vir enige klas in die Intermediêre Fase en graad 7;
- 'n volledige leerprogram kan beplan en aanbied vir enige klas in die Intermediêre Fase of graad 7; en
- kan reflekteer oor die ervaring wat opgedoen is.

Religiestudie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop die konsep "wêreldbeskouing" binne die studieveld ontwikkel het; en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels kan demonstreer, wat die sleutel terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe en simboliese tekste ingesluit is, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analyse-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag kan ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

Kodering en Robotika vir die Intermediêre Fase

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die koderings- en robotikakonsepte kan identifiseer en beskryf wat die Intermediêre Faseleerder volgens die voorgestelde KABV-vereistes moet kan bemeester;
- die koderings- en robotikavaardighede kan identifiseer en beskryf wat die Intermediêre Faseleerder moet kan bemeester en ontwikkel;
- op 'n ontwikkelingsgepaste wyse onderrig en leer in kodering en robotika in die Intermediêre Fase-klaskamer kan beplan deur die korrekte metodes en onderrigmodelle toe te pas;
- oor 'n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle kreatiewe metodes kan identifiseer om ouderdomstoepaslike geïntegreerde lesse te beplan wat rekenaardenkwyse en 21ste-eeuse vaardighede sal ontwikkel; en
- tegnologie en tegnologiese kennis as 'n gawe van God beskou wat verantwoordelik aangewend moet word op 'n wyse wat tot voordeel van die skepping strek.

Sepedi-kommunikasievlak

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor die vermoë beskik om kennis van basiese grammatika te bou en toe te pas;
- die belang van kennis en vaardighede van ander inheemse tale kan verduidelik in die veeltalige Suid-Afrikaanse gemeenskap; en
- kennis kan demonstreeer (woordeskat en grammatika) met betrekking tot die onderwysomgewing.

Sepedi-kommunikasievlak

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n bewustheid ontwikkel van die multikulturele klaskamer se werklikheid en begrip toon van die aanleer van 'n Afrikataal;
- oor die vermoë beskik om die taalkennis en –vaardighede wat in die module aan die hand van spesifieke temas/onderwerpe aangeleer is sinvol en effektief in die werksomgewing aan te wend; en
- kennis van die woordeskat en basiese grammatika kan demonstreeer, spesifiek binne die onderwysomgewing.

Sosiopedagogiek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die verskillende teorieë kan analiseer wat sosiopedagogiek begrond;
- die verskillende kontekste kan interpreteer wat 'n invloed op die ontwikkeling en leer van die kind het;
- die verskillende gesinsmodelle kan verduidelik waarin die kind in Suid-Afrika moontlik kan grootword;
- kan verduidelik hoe 'n gemeenskap geëvalueer word deur die multikulturele aspek in ag te neem;
- die invloed van armoede op die kind kan beoordeel;
- die effek kan analiseer van MIV/vigs op die kind, die gesin en die gemeenskap;
- geweld in skole kan ontleed;
- dwelmmisbruik krities kan bespreek;
- kan onderskei tussen verskillende wyses waarop kinders mishandel kan word; en
- die effek kan analiseer van pornografie op die kind, die gesin en die gemeenskap.

Oriëntering tot Sosiale Wetenskappe-onderrig

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos wat dit in die KABV-dokument weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid kan demonstreeer ten opsigte van Geskiedenis- en Geografiekennis; en
- wyses kan identifiseer om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

Oriëntering tot Sosiale Wetenskappe-onderrig

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos wat dit in die KABV-dokument weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid kan demonstreeer ten opsigte van 'n oorsig van geskiedenis- en geografiekennis;
- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in Geografie en Geskiedenis as vakke ingesluit is; en
- die waarde van Geografie en Geskiedenis as vakke kan uitlig en die regte gesindheid kan identifiseer wat benodig word om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos in die KABV weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid met betrekking tot kennis van geskiedenis en geografie kan demonstreeer; en
- maniere identifiseer wat gebruik kan word om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vak Sosiale Wetenskappe, soos wat dit in die KABV-dokument weergegee word, kan verduidelik;
- bevoegdheid kan demonstreer ten opsigte van 'n oorsig van geskiedenis- en geografiekennis;
- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in Geografie en Geskiedenis as vakke ingesluit is; en
- die waarde van Geografie en Geskiedenis as vakke kan uitlig en die regte gesindheid kan identifiseer wat benodig word om Sosiale Wetenskappe as vak te onderrig.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in die vak Geskiedenis ingesluit is;
- akademiese kennis van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die gebruik van 'n verskeidenheid van onderrigstrategieë kan motiveer; en
- die belangrikheid van historiese kennis kan beskryf met betrekking tot die holistiese ontwikkeling van die leerder.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die toepassing van die spesifieke doelwitte en konsepte van Geskiedenis as vak kan demonstreer;
- akademiese kennis van Suid-Afrika se vroeë geskiedenis tot die eerste helfte van die 19de eeu kan demonstreer; en
- 'n verskeidenheid onderrigstrategieë in die vak Geskiedenis, as deel van Sosiale Wetenskappe, kan analiseer.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die spesifieke doelwitte, vaardighede, konsepte en temas kan analiseer wat in die vak Geskiedenis ingesluit is;
- akademiese kennis van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die gebruik kan motiveer van 'n verskeidenheid van assesseringstrategieë; en
- die belangrikheid kan beskryf van geografiese kennis met die oog op die holistiese ontwikkeling van die leerder.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die toepassing van die spesifieke doelwitte en konsepte van geografie as dissipline kan demonstreer;
- akademiese kennis van twee subdissiplines in geografie, naamlik geomorfologie en klimatologie, kan demonstreer; en
- 'n verskeidenheid onderrigstrategieë in geografie as dissipline, as deel van Sosiale Wetenskappe, kan analiseer.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis van Geskiedenis en Geografie asook die onderrig en leer daarvan kan toepas tydens die beplanning vir die ontwikkeling van spesifieke vaardighede;
- akademiese kennis van relevante inhoud van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die onderrig van Geskiedenis en Geografie kan integreer in spesifieke grade op geskikte wyses met ander vakke; en
- die assessering van kennis en vaardighede kan beplan wat in die onderrigmodules vir Sosiale Wetenskappe 1, 2 en 3 ingesluit is.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van geografie en onderrig en leer kan toepas om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede te beplan;
- akademiese kennis van die subdissiplines in menslike geografie kan demonstreer; en
- die assessering van kennis en vaardighede in geografie in die Intermediêre Fase op 'n geskikte wyse kan beplan.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis van Geskiedenis en Geografie asook die onderrig en leer daarvan kan toepas tydens die beplanning vir die ontwikkeling van spesifieke vaardighede;
- akademiese kennis van relevante inhoud van Geskiedenis en Geografie kan demonstreer;
- die onderrig van Geskiedenis en Geografie kan integreer in spesifieke grade op geskikte wyses met ander vakke; en
- die assessering van kennis en vaardighede kan beplan wat in die onderrigmodules vir Sosiale Wetenskappe 1, 2 en 3 ingesluit is.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van geskiedenis en onderrig en leer kan toepas om die ontwikkeling van spesifieke vaardighede te beplan;
- akademiese kennis van die geskiedenis van die wêreld kan demonstreer; en
- die assessering van kennis en vaardighede in geskiedenis in die Intermediêre Fase op 'n geskikte wyse kan beplan.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gepaste en betroubare onderrig- en leermateriaal vir die vak Geskiedenis in die Intermediêre Fase kan evalueer;
- die bemeestering van akademiese vakkundige kennis in die onlangse geskiedenis van Suid-Afrika (19de eeu tot tans) kan demonstreer;
- kennis van leerders se ontwikkeling kan toepas om leerprobleme en struikelblokke in Geskiedenis-lesse te identifiseer en daarvolgens te beplan; en
- verantwoordelike besluitnemingsvermoë kan ontwikkel ten opsigte van eie werk en praktyk.

Sosiale Wetenskappe-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gepaste en betroubare onderrig-en-leermateriaal vir die vak Geografie in die Intermediêre Fase kan evalueer;
- die bemeestering van praktiese kaartvaardighede en die toepassing van geografiese vakkennis in kaartwerk, kan demonstreer;
- kennis van leerders se ontwikkeling kan toepas om leerprobleme en struikelblokke in Geografie-lesse te identifiseer en daarvolgens te beplan; en
- 'n verantwoordelike besluitnemingsvermoë ten opsigte van eie werk en praktyk kan ontwikkel .

Wêreldbeskouingsleer

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat 'n begrip van die sleutel terme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.

Oriëntering tot Wiskunde-onderrig

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n begrip van basiese wiskundige konsepte, beginsels, reëls en die oplos van wiskundige probleme kan demonstreer;
- geskikte standaardmetodes, asook eie metodes om probleme op te los, kan gebruik;
- maniere kan identifiseer om Wiskunde op 'n ontwikkelingstoepaslike wyse te onderrig; en
- die vak Wiskunde kan verduidelik soos dit in die KABV-dokument voorgestel word.

Wiskunde-onderrig 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n begrip van die kompleksiteit van Wiskunde-onderrig kan demonstreer;
- bekwaamheid kan demonstreer deur die aspekte te verstaan wat tydens effektiewe Wiskunde-onderrig gebruik word;
- krities kan reflekteer oor die belangrikheid van die beplanning van 'n Wiskundeles; en
- begrip kan toon vir die belangrikheid van probleemoplossing en die ervaring van getalle en wanopvatting hieroor kan regstel.

Wiskunde-onderrig 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis kan demonstreer van die hoofareas en konsepte van getallestelsels;
- kennis van wiskunde sowel as onderrig en leer kan toepas; en
- kan beplan vir die onderrig van getallestelsels en die demonstrasie van getalle.

Wiskunde-onderrig 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van die basiese norme en waardes, eienskappe en geskiedenis van die ontwikkeling van wiskunde kan formuleer;
- akademiese kennis van getalle, getal- en plekwaardestelsels en reëls van bewerkings vir heelgetalle, breuke en verhoudings in Wiskunde kan demonstreer en hierdie kennis in onderrig kan toepas;
- die gebruik van 'n verskeidenheid strategieë vir die onderrig van getalle, plekwaardestelsels en die optelling en aftrekking van heelgetalle, breuke en verhoudings kan motiveer;
- die invloed van die stel van doelwitte en motivering oor prestasie in Wiskunde kan evalueer; en die verskillende kognitiewe ontwikkelingsstadiums kan identifiseer en dit op die onderrig van Wiskunde kan toepas; en
- kennis van reekse en rye in Wiskunde kan toepas om finansiële en ander wiskundige probleme in lewenswerklike situasies op te los.

Wiskunde-onderrig 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis van die hoofareas en konsepte van optelling en aftrekking kan demonstreer;
- kennis van wiskunde sowel as onderrig en leer kan toepas; en
- vir die onderrig van optelling en aftrekking kan beplan.

Wiskunde-onderrig 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van die basiese norme en waardes, eienskappe en geskiedenis van die ontwikkeling van wiskunde kan formuleer;
- akademiese kennis van getalle, getal- en plekwaardestelsels en reëls van bewerkings vir heelgetalle, breuke en verhoudings in Wiskunde kan demonstreer en hierdie kennis in onderrig kan toepas;
- die gebruik van 'n verskeidenheid strategieë vir die onderrig van getalle, plekwaardestelsels en die optelling en aftrekking van heelgetalle, breuke en verhoudings kan motiveer;
- die invloed van die stel van doelwitte en motivering oor prestasie in Wiskunde kan evalueer; en die verskillende kognitiewe ontwikkelingsstadiums kan identifiseer en dit op die onderrig van Wiskunde kan toepas; en
- kennis van reekse en rye in Wiskunde kan toepas om finansiële en ander wiskundige probleme in lewenswerklike situasies op te los.

Wiskunde-onderrig 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis van die hoofareas en konsepte van vermenigvuldiging en deling kan demonstreer;
- kennis van wiskunde sowel as onderrig en leer kan toepas; en
- vir die onderrig van vermenigvuldiging en deling kan beplan.

Wiskunde-onderrig 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis kan demonstreer van die hoofareas en konsepte van multiplikatiewe redenering, patrone, funksies en algebra;
- kennis kan toepas van Wiskunde en onderrig en leer;
- kan beplan vir die onderrig van vermenigvuldiging, deling en patrone, funksies en algebra; en
- kan beplan vir die assessering van wiskundige vaardighede wat in die modules vir Wiskunde-onderrig 1 en 3 ingesluit is.

Wiskunde-onderrig 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis van die kernareas en konsepte van patrone, funksies en algebra kan demonstreer;
- kennis van wiskunde sowel as onderrig en leer kan toepas;
- vir die onderrig van patrone, funksies, en algebra kan beplan; en
- die assessering kan beplan van wiskundige vaardighede wat by die modules Wiskunde-onderrig 1, 2 en 3 ingesluit is.

Wiskunde-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis kan demonstreer van die hoofareas en konsepte van multiplikatiewe redenering, patrone, funksies en algebra;
- kennis kan toepas van Wiskunde en onderrig en leer;
- kan beplan vir die onderrig van vermenigvuldiging, deling en patrone, funksies en algebra; en
- kan beplan vir die assessering van wiskundige vaardighede wat in die modules vir Wiskunde-onderrig 1 en 3 ingesluit is.

Wiskunde-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis van die kernareas en konsepte van meetkunde en meting kan demonstreer;
- kennis van wiskunde sowel as onderrig en leer kan toepas;
- vir die onderrig van meetkundige konsepte en meting kan beplan; en
- die assessering kan beplan van wiskundige vaardighede wat by die modules Wiskunde-onderrig 1, 2 en 3 ingesluit is.

Wiskunde-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die bemeestering kan demonstreer van akademiese wiskundige inhoudskennis van meting, meetkunde en datahantering wat vir die onderrig van Wiskunde nodig is;
- vir die onderrig van Wiskunde regoor die Intermediêre Fase en graad 7 kan beplan;
- die waarde van meting en meetkunde as skoolvak kan evalueer en leerders se meetkundige denke kan ontwikkel; en
- 'n Christelike perspektief op die onderrig van Wiskunde kan evalueer en krities oor eie praktyke kan nadink.

Wiskunde-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde akademiese kennis kan demonstreer van datahantering se kernareas en konsepte;
- kennis kan toepas van Wiskunde en onderrig en leer; en
- kan beplan vir die onderrig van datahantering en waarskynlikheid.

Wiskunde-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die bemeestering kan demonstreer van akademiese wiskundige inhoudskennis van meting, meetkunde en datahantering wat vir die onderrig van Wiskunde nodig is;
- vir die onderrig van Wiskunde regoor die Intermediêre Fase en graad 7 kan beplan;
- die waarde van meting en meetkunde as skoolvak kan evalueer en leerders se meetkundige denke kan ontwikkel; en
- 'n Christelike perspektief op die onderrig van Wiskunde kan evalueer en krities oor eie praktyke kan nadink.

Wiskunde-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis van wiskunde en onderrig en leer kan toepas;
- kan beplan vir onderrig waartydens al die vorige jare se kennis geïntegreer word; en
- die Wiskunde van die Intermediêre Fase met gevorderde Wiskunde kan vergelyk.

Oriëntering tot Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- insig daarin toon dat natuurwetenskappe en tegnologie by uitstek handel oor God se skepping;
- voorgeskrewe en selfgeselekteerde bronne kan raadpleeg en inligting oor wetenskap-geletterdheid en die implementering van betekenisvolle wetenskaponderrig kan selekteer, analiseer, sintetiseer, evalueer en 'n verslag daaroor skryf;
- 'n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot materie en materiale; en standaardmetodes, -prosedures en -tegnieke kan kies om die tegniese aspekte van struktuur en verwerkings wat verband hou met materie en materiale te ondersoek en te implementeer;
- kennis en begrip kan demonstreer ten opsigte van die heelal, die Melkweg en die sonnestelsel; en die relatiewe posisie van die Son, Aarde en Maan in die stelsel kan beskryf;
- 'n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot energie en energie-oordrag; en
- 'n duidelike begrip kan demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot lewe en lewende dinge.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 1

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- insig kan toon in die grootsheid van God se skepping en die wyse waarop Hy dit onderhou; en begrip kan toon ten opsigte van die mens se verantwoordelikheid teenoor die skepping en die ontwikkeling en gebruik van materie en materiale;
- 'n fundamentele kennis demonstreer van die kernareas en sleutelbegrippe, konsepte, feite, algemene beginsels, reëls en teorieë met betrekking tot die eienskappe van materie en materiale; en
- standaardmetodes, -prosedures en -tegnieke selekteer om materie en materiale te prosessee om objekte en strukture te maak wat aan mense se behoeftes voldoen en die kwaliteit van hul lewens verbeter; en die tegniese aspekte van verwerking en strukture wat verband hou met materie en materiale kan ondersoek en implementeer.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n gedetailleerde begrip demonstreer van en 'n gevorderde kennis toon oor: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë oor die aarde en maan se bewegings, die struktuur van die aarde en die gesteentes van die aarde; en hierdie kennis in die onderrig en leer van Natuurwetenskappe en Tegnologie in die Intermediêre Fase tot graad 7 kan toepas;
- toepaslike metodes, prosedures en tegnieke tydens praktikums kan evalueer, selekteer en toepas om die kenmerke en gebruike van sedimentêre, stollings- en metamorfiese gesteentes te ondersoek en te identifiseer;
- verskillende inligtingsbronne kan evalueer en inligting selekteer oor die inligtingsprosesseringsteorie van kognitiewe ontwikkeling en die rol van skemata en kognitiewe modules in die onderrig van Natuurwetenskappe en Tegnologie; en goed ontwikkelde prosesse van analise, sintese en evaluasie op die inligting kan toepas ten einde hierdie inligting betroubaar en samehangend voor te stel;
- prestasies volgens gegewe kriteria kan evalueer; en eie taakspesifieke leerbehoefte kan identifiseer en aanspreek en ondersteuning aan die leerbehoefte van ander kan bied waar dit nodig sou wees; en
- 'n begrip kan demonstreer van die natuurverskynsels en wette wat God geskep het; insig kan toon in Bybeltekste wat 'n skynbare teenstrydige verklaring gee van dit wat deur die wetenskap blootgelê word oor die heelal; en voorbeelde of gedagtes kan noem rondom die aard van die skepping uit 'n Christelike perspektief en hierdie begrip en insig in Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig kan toepas.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n gedetailleerde begrip kan demonstreer van en 'n gevorderde kennis toon oor: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë van die ontstaan en eienskappe van die heelal, sterre, die Melkwegstelsel en ons sonnestelsel en hierdie kennis in die onderrig en leer van Natuurwetenskappe en Tegnologie in die Intermediêre Fase tot graad 7 kan toepas;
- toepaslike metodes, prosedures en tegnieke tydens praktikums kan evalueer, selekteer en toepas om die kennisafdeling "Planeet Aarde en die Ruimte" te ondersoek ten einde hierdie vaardighede aan skoolleerders te demonstreer;
- verskillende inligtingsbronne kan evalueer en inligting selekteer oor alternatiewe konsepte en wanpersepsies tydens die leer en onderrig van Natuurwetenskappe en Tegnologie; en goed ontwikkelde analise-, sintese- en evaluasieprosesse op die inligting kan toepas ten einde hierdie inligting betroubaar en samehangend voor te stel;
- prestasies volgens gegewe kriteria kan evalueer; en eie taakspesifieke leerbehoefte kan identifiseer en aanspreek en ondersteuning aan die leerbehoefte van ander kan bied waar dit nodig sou wees; en
- 'n begrip demonstreer van die grootsheid van God se skepping en die wyse waarop Hy dit onderhou; en insig kan toon in die verskillende interpretasies van Genesis 1 en 2 en hierdie begrip en insig in Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig kan toepas.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n gedetailleerde kennis kan demonstreer van energiebronne en dit kan klassifiseer;
- 'n gedetailleerde kennis kan demonstreer van die begrippe “potensiële energie” en “kinetiese energie” en die wet van energiebehoud in alledaagse probleme kan toepas;
- warmte as energievorm kan bespreek en momentumberekeninge kan uitvoer om die oordrag van energie te demonstreer;
- 'n gedetailleerde kennis kan demonstreer van arbeid, energie en drywing as konsepte, die interaksie tussen arbeid, energie en drywing kan bespreek en wiskundige berekeninge van arbeid, energie en drywing kan doen;
- 'n gedetailleerde kennis kan demonstreer oor die feit dat energie en vibrasies klank voortbring en gebruik van klank kan bespreek; en
- toepaslike metodes, prosedures en tegnieke tydens praktikums kan evalueer, selekteer en toepas om die kenmerke van energie en energie-oordrag te ondersoek en die beginsels van klank en klankgolwe te gebruik in die ontwerp en evaluering van verskillende praktiese take.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gedetailleerde kennis van magnetisme kan demonstreer;
- gedetailleerde kennis van elektrostatika kan demonstreer;
- gedetailleerde kennis van elektriese stroombane en die samestelling daarvan kan demonstreer; en kennis kan demonstreer van die beginsels wat gevolg moet word tydens die oplossing van basiese stroombane deur reëls en wette toe te pas;
- 'n begrip kan demonstreer vir die natuurverskynsels en wette wat God geskep het en insig daarin toon dat magnetisme gebruik kan word om wisselstroom op te wek;
- 'n begrip kan demonstreer vir die natuurverskynsels en wette wat God geskep het; en insig daarin toon dat die mens 'n geleier van God se krag in die wêreld is om sodoende van sy werke te getuig, self werksaam te wees en hierdie konsepte in Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig te kan toepas; en
- toepaslike metodes, prosedures en tegnieke tydens praktikums kan evalueer, selekteer en toepas om die eienskappe van elektrisiteit en beweging te ondersoek en eenvoudige stroombane te kan ontwerp, teken en bou waarmee “elektrisiteit” as konsep aan leerders gedemonstreer kan word; en tegnologie kan ontwerp en evalueer wat beweging fasiliteer.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstreeer van die sentrale areas en 'n gespesialiseerde begrip bevat van die volgende: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë van biodiversiteit, klassifikasie en die groei en ontwikkeling van lewende dinge; en hierdie kennis kan toepas en evalueer tydens Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7;
- 'n begrip kan demonstreeer van bestrede kennis betreffende faktore wat die leerproses beïnvloed; die vermoë toon om verskeie verduidelikings van die leerproses van verskillende tipes leerders in Natuurwetenskappe & Tegnologie in die Intermediêre Fase te evalueer; en eie opinies kan ontwikkel by wyse van goed geformuleerde argumente in geskikte akademiese besprekings deur die versameling, evaluasie en bestuur van toepaslike inligting uit inligtingsbronne wat onafhanklik bekragtig is;
- 'n begrip van 'n reeks ondersoekmetodes tydens praktikums kan demonstreeer om die biodiversiteit en klassifikasie van lewende organismes te ondersoek; en 'n reeks van metodes kan toepas om probleme in verband met die groeikondisies van plante op te los en aktiwiteite kan beplan om dit aan skoolleerders te demonstreeer;
- die vermoë demonstreeer om probleme binne die Natuurwetenskappe & Tegnologieklaskamer in die Intermediêre Fase te identifiseer, te analiseer en te evalueer en krities oor hierdie komplekse probleme na te dink om dit sodoende die hoof te bied deur pedagogiese inhoudskennis toe te pas;
- die vermoë demonstreeer om eie leerbehoefte op 'n selfgerigte wyse te identifiseer, te evalueer en aan te spreek en hiermee saam ook gesamentlike leerprosesse te fasiliteer; en
- vanuit 'n reformatoriese perspektief kan motiveer dat die ryke biodiversiteit van lewe op aarde 'n toonbeeld van God se skeppingsmag is; en hulself en hul medemens as beeldraers van God kan respekteer en dit in die onderrig kan toepas.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die sentrale areas en 'n gespesialiseerde begrip bevat van die volgende: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë van biodiversiteit, klassifikasie en die groei en ontwikkeling van lewende dinge; en hierdie kennis kan toepas en evalueer tydens Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7;
- 'n begrip kan demonstreer van bestrede kennis betreffende faktore wat die leerproses beïnvloed; die vermoë toon om verskeie verduidelikings van die leerproses van verskillende tipes leerders in Natuurwetenskappe & Tegnologie in die Intermediêre Fase te evalueer; en eie opinies kan ontwikkel by wyse van goed geformuleerde argumente in geskikte akademiese besprekings deur die versameling, evaluasie en bestuur van toepaslike inligting uit inligtingsbronne wat onafhanklik bekragtig is;
- 'n begrip van 'n reeks ondersoekmetodes tydens praktikums kan demonstreer om die biodiversiteit en klassifikasie van lewende organismes te ondersoek; en 'n reeks van metodes kan toepas om probleme in verband met die groeikondisies van plante op te los en aktiwiteite kan beplan om dit aan skoolleerders te demonstreer;
- die vermoë demonstreer om probleme binne die Natuurwetenskappe & Tegnologieklaskamer in die Intermediêre Fase te identifiseer, te analiseer en te evalueer en krities oor hierdie komplekse probleme na te dink om dit sodoende die hoof te bied deur pedagogiese inhoudskennis toe te pas;
- die vermoë demonstreer om eie leerbehoefte op 'n selfgerigte wyse te identifiseer, te evalueer en aan te spreek en hiermee saam ook gesamentlike leerprosesse te fasiliteer; en
- vanuit 'n reformatoriese perspektief kan motiveer dat die ryke biodiversiteit van lewe op aarde 'n toonbeeld van God se skeppingsmag is; en hulself en hul medemens as beeldraers van God kan respekteer en dit in die onderrig kan toepas.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstreer van die sentrale areas en ook 'n gespesialiseerde begrip bevat van die volgende: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels en reëls en teorieë van plant- en diervoeding en ekologie; en hierdie kennis kan toepas en evalueer in Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7;
- geskikte prosesse kan ontwikkel om inligting te versamel betreffende die invloed wat diverse leerkontekste in die Suid-Afrikaanse leeromgewing uitoefen op skoolleerders se persepsie van en prestasie in Natuurwetenskappe & Tegnologie; en die inligtingsbronne onafhanklik kan bekragtig en hierdie inligting kan evalueer en bestuur deur eie opinies te ontwikkel by wyse van goed geformuleerde argumente in geskikte akademiese besprekings;
- begrip van 'n reeks ondersoekmetodes tydens praktikums kan demonstreer om plantfisiologie te ondersoek en opnames in ekostelsels te doen; 'n reeks van metodes kan toepas om probleme/degradering in ekostelsels te identifiseer, te analiseer en te evalueer; en metodes kan voorstel om ekostelsels te rehabiliteer en aktiwiteite kan beplan om hierdie begrip en vaardighede aan skoolleerders te demonstreer;
- die vermoë demonstreer om prosesse binne onbekende en varieerbare kontekste te bestuurs; en kan insien dat probleemoplossing konteks- en sisteemgebaseer is en nie in isolasie voorkom nie deur pedagogiese inhoudskennis in die onderwyspraktyk in Natuurwetenskappe- en Tegnologieonderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7 binne verskillende leeromgewings in die Suid-Afrikaanse konteks toe te pas;
- die vermoë demonstreer om eie leerbehoefte op 'n selfgerigte wyse te identifiseer, te evalueer en aan te spreek en hiermee saam ook gesamentlike leerprosesse te fasiliteer; en
- eties en professioneel kan optree deur omgewingsbewaring te evalueer en te motiveer as deel van die respek wat ons vir God se Skepping toon; en in gehoorsaamheid aan Sy opdrag aan die mens in Genesis 1 skoolleerders kan begelei om op 'n soortgelyke wyse op te tree.

Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- geïntegreerde kennis kan demonstree van die sentrale areas en ook 'n gespesialiseerde begrip bevat van die volgende: sleutel terme, konsepte, feite, beginsels en reëls en teorieë van plant- en diervoeding en ekologie; en hierdie kennis kan toepas en evalueer in Natuurwetenskappe en Tegnologie-onderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7;
- geskikte prosesse kan ontwikkel om inligting te versamel betreffende die invloed wat diverse leerkontekste in die Suid-Afrikaanse leeromgewing uitoefen op skoolleerders se persepsie van en prestasie in Natuurwetenskappe & Tegnologie; en die inligtingsbronne onafhanklik kan bekragtig en hierdie inligting kan evalueer en bestuur deur eie opinies te ontwikkel by wyse van goed geformuleerde argumente in geskikte akademiese besprekings;
- begrip van 'n reeks ondersoekmetodes tydens praktikums kan demonstree om plantfisiologie te ondersoek en opnames in ekostelsels te doen; 'n reeks van metodes kan toepas om probleme/degradering in ekostelsels te identifiseer, te analiseer en te evalueer; en metodes kan voorstel om ekostelsels te rehabiliteer en aktiwiteite kan beplan om hierdie begrip en vaardighede aan skoolleerders te demonstree;
- die vermoë demonstree om prosesse binne onbekende en varieerbare kontekste te bestuurs; en kan insien dat probleemoplossing konteks- en sisteemgebaseer is en nie in isolasie voorkom nie deur pedagogiese inhoudskennis in die onderwyspraktyk in Natuurwetenskappe- en Tegnologieonderrig in die Intermediêre Fase tot graad 7 binne verskillende leeromgewings in die Suid-Afrikaanse konteks toe te pas;
- die vermoë demonstree om eie leerbehoefte op 'n selfgerigte wyse te identifiseer, te evalueer en aan te spreek en hiermee saam ook gesamentlike leerprosesse te fasiliteer; en
- eties en professioneel kan optree deur omgewingsbewaring te evalueer en te motiveer as deel van die respek wat ons vir God se Skepping toon; en in gehoorsaamheid aan Sy opdrag aan die mens in Genesis 1 skoolleerders kan begelei om op 'n soortgelyke wyse op te tree.